# PEARSON HIGH SCHOOL

# ADMISSION POLICY

- **No learner will be refused admission to Pearson on grounds of race, physical disability (providing the existing facilities make this feasible) or religious belief; nor on grounds of financial circumstances, except where Pearson High is NOT the nearest High School to the learner's home.**

- No learner will be admitted to Pearson who does not satisfy the age requirements as stipulated in General Notice 2433 (Government Gazette 19377) of 19 October 1998: ***The statistical norm per grade is the grade number plus 6.***

  **Thus:** Gr. 8 + 6 = 14 years
  Gr. 9 + 6 = 15 years
  Gr. 10 + 6 = 16 years
  Gr. 11 + 6 = 17 years
  Gr. 12 + 6 = 18 years

  No learner may therefore be admitted to Pearson who, in January of that year, is more than 1 year (12 months) older than the average age for that grade. The parent must, on application, present an official birth certificate, or certified copy thereof, to the Principal.

- As compulsory school attendance ends on the last school day of the year in which the learner reaches 15 years of age or the ninth grade (whichever comes first), the school is not obliged to admit learners to the school if they no longer qualify for compulsory attendance. Admission will be allowed at the discretion of the Principal acting under delegated authority of the Governing Body.

- Efforts will be made to ensure, as far as possible, that there is a reasonable ratio for girls and boys in each grade and the admissions of new learners will be in the discretion of the principal, be dictated thereby.

- Preference will be given to applicants for whom Pearson is the nearest High School to their home, provided that application is made in time.

- Preference will be given to a child of a Past Pupil of Pearson, even if Pearson is not the nearest High School to their home.

- All documents required by the school for purposes of an application for admission, must be produced when requested, and forms completed compre-hensively. Failure to furnish any of the relevant documents may result in an application not being considered.

- The school reserves the right to verify all information supplied to them via this application. In the event of fraudulent documents submitted, the school reserves the right to lay a criminal charge of fraud against any of the parties to this application.

- Learners have to live with their parents or with their legal guardians. The Principal requires acceptable proof thereof as a condition precedent to admission.

- A detailed and/or comprehensive conduct/behavioural report may be required by the school, and signed by the principal of the learner’s prior school or schools. The Principal shall be entitled to decline an application for admission, in the event that the conduct report / behavioural report demonstrates an unsatis-factory behavioural or disciplinary record.

**HOËRSKOOL PEARSON**

**TOELATINGSBELEID**

- **Geen leerling sal vanweë ras, fisiese gebrek (tensy die bestaande fasiliteite dit nie toelaat nie) of godsdienstige oortuiging of finansiële omstandighede (behalwe as Pearson NIE die naaste skool aan die leerder se huis is nie) toelating geweier word nie.**

- Geen leerder sal by Pearson toegelaat word wat nie aan die ouderdomsvereistes, soos neergelê in die Algemene Kennisgewing 2433 (Staatskoerant 19377) van 19 Oktober 1998 voldoen nie: ***Die statistiese norm per graad is die graadnommer plus 6.***

  Dus: Gr. 8 + 6 = 14 jaar
  Gr. 9 + 6 = 15 jaar
  Gr. 10 + 6 = 16 jaar
  Gr. 11 + 6 = 17 jaar
  Gr. 12 + 6 = 18 jaar

  Geen leerder mag dus by Pearson toegelaat word wat in Januarie van daardie jaar meer as 1 jaar (12 maande) ouer is as die gemiddelde ouderdom van daardie graad. Die ouer moet 'n amptelike geboortesertifikaat, of 'n gesertifiseerde kopie daarvan, aan die skool verskaf.

- Aangesien verpligte skoolbywoning op die laaste skooldag van die jaar waarin die leerder 15 jaar oud eindig, of aan die einde van die negende graad is (wat ookal eerste kom), is die skool nie verplig om leerders tot die skool toe te laat as hulle nie langer vir verpligte bywoning kwalifiseer nie. Toelating sal geskied volgens
die skoolhoof se diskresie, wat op die gedelegeerde gesag van die Beheer-liggaam optree.

- Pogings sal aangewend word om te verseker dat daar sover moontlik, 'n ewe-redige dogter-en-seun-verhouding vir elke graad is.

- Voorkeur word verleen aan diegene wat die naaste aan Pearson woon, mits daar betyds aansoek gedoen is.

- Voorkeur word verleen aan 'n kind van 'n oud-leerling van Pearson, al is Pearson nie hulle naaste hoërskool nie.

- Alle dokumente wat deur die skool benodig word vir 'n aansoek tot toelating moet op versoek volledig voltooi word. As relevante dokumente uitstaande is, kan dit tot gevolg hê dat 'n aansoek nie oorweeg sal word nie.

- Die skool behou hom die reg voor om alle inligting wat deur ouers in hierdie aansoek verskaf word, na te gaan. Indien bedrog gepleeg is, behou die skool hom die reg voor om 'n kriminele klag teen enige party betrokke by hierdie aansoek te lê.

- Leerders moet by hulle ouers of hulle wettige voogde woon. Die skoolhoof benodig, in die geval van wettige voogde, die stawende dokumente alvorens die aansoek oorweeg word.

- 'n Gedetailleerde en/of volledige verslag van 'n leerder se gedrag mag deur die
skool aangevra word, van die leerder se vorige skool/skole en moet deur die skoolhoof geteken word. Die skoolhoof sal geregtig wees om 'n aansoek af te keur in die geval van onbevredigende gedrag, of 'n dissiplinêre rekord.

# HOËRSKOOL PEARSON

## TAALBELEID

Hierdie Taalbeleid is neergelê deur die Beheerliggaam volgens die SA-Skolewet 84 van 1996 en die Nasionale Onderwysbeleid wet 27 van 1996.

- Aangesien Pearson ’n parallel-medium hoërskool is, is die tale van onderrig en kommunikasie by die skool ENGELS en AFRIKAANS.

- Waar moontlik, sal leerders binne klasverband in hul gekose taal van onderrig (Engels of Afrikaans) onderrig word.

- Drie amptelike tale word tans in die kurrikulum by Pearson aangebied: Engels, Afrikaans en Xhosa.

- Multi-linguïsme behoort, waar prakties moontlik, aangemoedig te word.

- Terwyl hulle op die skoolterrein is, sal leerders aangemoedig word om of in Engels of in Afrikaans te kommunikeer om hulle vaardigheid in die twee

tale van onderrig te fasiliteer.

# PEARSON HIGH SCHOOL

# LANGUAGE POLICY

This Language Policy has been determined by the Governing Body in terms of the S.A. Schools Act 84 of 1996, and National Education Policy Act 27 of 1996.

- As Pearson High School is a parallel-medium High School, the languages of instruction and communication at the school are ENGLISH and AFRIKAANS.

- Wherever possible, practicable or viable, learners will be instructed in their classes in their chosen medium of instruction (English or Afrikaans).

- Three official languages currently offered in the curriculum are English, Afrikaans and Xhosa.

- Multi-lingualism should, as far as practically possible, be encouraged.

- Whilst on the premises of the school, learners will be encouraged to communicate in either English and/or Afrikaans so as to facilitate their proficiency in these two languages of instruction.